

Sing vooraf staande: Psalm 148:5 (p. 712)

- 5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelal!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119:3 (p. 586)

- 3 As ek, HEER, u wet wat billik, / reg en waar is, maar kan leer,
dan word U van ganser harte / en opreg deur my geëer.
Ja, ek loof U, want regverdig / is u regte, woord en daad.
Wil dan nimmer my verlaat nie / wat u wet nie wil verlaat.

Gebed

Psalm 143:8 (p. 689)

- 1 Verlos my, HEER, van hinderlae; / en wil my leer u welbehag.
Ek skuil by U, vat U my hand, / en laat u Gees in al my dae / my voortlei in 'n veil'ge land.

Skriflesing: Eksodus 12

Teks: Eksodus 12: 26, 27; Kategismus Sondag 28

En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar? dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die HERE, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref het, maar ons huise gered het. (Eksodus 12: 26, 27 AFR53)

Dit gaan hier oor verbondsonderrig! *Wat beteken die diens daar?* Dit is wat die kinders van die Israeliete aan hulle ouers moet vra aangaande die pasga. Dan moet hulle aan hulle kinders verklaar dat die paasoffer ter ere van die Here is, want met die tiende plaag in Egipteland het die Here by die huise van die Israeliete verbygegaan en die Egiptenare getref met die dood.

Intussen het Christus van die pasga die nagmaalmaal gemaak. As ons kinders aan ons vra: *Wat beteken die nagmaalmaal?* moet ons ook kan antwoord. Net soos die kinders van die Israeliete, het ons kinders ook die reg om te weet wat die nagmaalmaal en die doop *vir hulle* beteken.

Daar is drie dinge ten opsigte die nagmaal waaroor ons weer gaan besin:

- 1. Wie is die Gasheer van die nagmaalmaaltyd?**
- 2. Wat is die geestelike voedsel en drank tydens die maaltyd?**
- 3. Wie is die genooide gaste?**

1. Wie is die Gasheer van die nagmaalmaaltyd?

'n Goeie verbondsonderrig is die waarborg dat ons kinders sal onthou waarom hulle gedoop is, en ook om hulle te laat verstaan wat die nagmaal vir hulle beteken.

- Dit sal ook help om hulle geloof te laat verdiep.
- Vanselfsprekend sal hulle hulle dan deeglik voorberei vir wanneer hulle belydenis van hulle geloof moet aflê.
- Onthou dat die aflegging van geloofsbelydenis aan hulle die toegang tot die gebruik van die nagmaal verleen.

Om ons kinders te kan opvoed is dit ook nodig dat ons volwassenes van tyd tot tyd opgeskerp word oor die betekenis van die nagmaal. Wat is die nagmaal?

- Vir ons is die nagmaal 'n openbare belydenis dat ons deel het aan die kruis, en daarom aan die dood en die opstanding van Christus.
- Deur die nagmaal ken ons die Here Jesus Christus as die Here wat ons verlos het.
- Hy het ons beveel om nagmaal te vier. Daarom vier ons nagmaal wanneer die Here Jesus Christus ons beveel om aan sy tafel te kom aansit om sy dood te vier.

Dit gaan met die nagmaal ook presies net soos wat dit met enige ander ete gaan:

- Die Gasheer reël alles.
- Hy bepaal die plek vir die nagmaal, soos wat Hy ook die plek bepaal het vir die laaste pasga toe Hy die nagmaal ingestel het.

Dat die Here die sakramente reël, is nie net iets wat ons in die Nuwe Testament geleer word nie.

- Ons lees al in Deuteronomium 16: 2 dat Israel die paaslam moes slag op die plek wat die Here uitgekies het om sy Naam daar te laat woon.
- Net so ook met die nagmaal.
 - Christus het sy kerk opgeroep om die nagmaal te hou en om die voedsel en die drank te voorsien, en om die tafel in sy Naam vir sy gaste gereed te maak.
 - Ons moet altyd onthou dat al is dit so dat die nagmaal in die kerk geskied, dit die Here Jesus Christus is wat die nagmaal aanbied, en wat u beveel om aan sy etenstafel aan te sit.

Juis omdat dit die maaltyd van die Here Jesus Christus is, moet die ouderlinge by u gaan huisbesoek doen.

- Hulle moet in die Naam van Jesus Christus na u toe gaan, want die Here stuur die ouderlinge om u daarop te wys dat die Here sy tafel weer voorberei.
- Hulle moet in die Naam van die Here toesien dat u moet kom aansit om die verlossing van u sondes te vier.
- Daarom moet hulle ook oor u lewe toesig hou en toesien dat u lewe pas by die heiligheid van die nagmaal.

Dieselfde geld ook van die predikant:

- Dit is ook namens die Here dat die predikant by die tafel sê dat u moet toetree tot die tafel.
- Die kerkraad of die dominee kan u nie uitnooi om nagmaal te gebruik nie.
- Daarom is dit nie namens die kerkraad dat u genooi word nie.
- Die Gasheer is die Here, en Hy alleen beveel u om nagmaal te gebruik of weerhou mense van die nagmaal.
- Die kerkraad is maar net die instrument van die Here wat moet toesien dat al die middele daar is sodat die nagmaal aangebied kan word.

Met die nagmaal preek die Here Jesus Christus self vir ons. Kyk wat leer Hy alles:

- Op 'n sigbare manier leer Hy ons van sy genade en dierbaarheid oor ons.
- Hy laat ons as't ware die kruis sien, al leef ons so lank na die tyd van sy kruisiging.
- Hy leer ons dat sy goedheid oor ons nie opgehou of verbygegaan het daardie dag op Golgota nie.
- Soos wat Hy ons nou nog deur die nagmaal leer van sy lyde en sy sterwe, net so geld sy genade vandag nog oor ons.
- Die bewys daarvoor is dat ons deel het aan sy maaltyd soos wat ons deel in sy liefde.

Verder leer Hy ons dat Hy die Hoëpriester van God is wat sy eie liggaam vir ons geoffer het, en sy bloed vir ons vergiet het. Die Bybel leer ons met verskillende gelykenisse wat gebeur het toe Christus vir ons gesterf het.

- Daar staan dat Hy die Goeie Herder is wat sy lewe vir ons aflê.
- Daar staan dat Hy Homself as 'n spyse berei sodat ons wat voedsel en drank aan sy tafel kom nuttig, ons siele kan versadig en dat ons tot in ewigheid toe nie meer honger of dors sal hê nie.
 - Dink maar hier aan die dinge wat Hy die Samaritaanse vrou geleer het.
 - Die Gasheer van die nagmaal is dus Hy wat sorg dat sy kinders nie geestelik honger ly nie.

2. Die geestelike spys en drank

Ons kan byna sê dat daar twee soorte voedsel en drank aan die tafel is.

- Ons eet in die eerste plek regte brood en drink regte wyn – dis fisies en liggaamlik.
- Maar in die tweede plek word ons versadig met die bloed en vlees van Christus – dis geestelik.

In die Ou Testament mag die Israëliete nie van die vleis van die sondoffer eet nie, en ook nie van die bloed van die geslagte dier gebruik het nie. Maar nou kom Christus in die Nuwe Testament en Hy verander dit: Hy sê: “Eet en drink.” Is dit nie 'n groot voorreg nie?

- Ons mag eet van die brood van die lewe en drink van die bloed van versoening.
- Dit bewys dat ons deel het daaraan.
- Ons hoef daar niks voor te betaal nie. Alles kry ons verniet in God se genade.
- Dit bewys aan ons dat ons ten volle 'n aandeel het aan alles wat Christus gedoen en verwerf het, en nie net aan een of twee van die dinge wat Hy verwerf het nie.

Besef u, gemeente, hoe oorfloedig God aan u uitdeel in Jesus Christus?

- Hierdie geestelike spys en drank bevestig dat jy vergewing van sondes het.
- Dit bevestig aan jou dat jy deel het aan die ewige lewe, soos wat jy deel het aan die kos wat jy eet.
- Al wat ons moet doen, is dat ons dit moet glo – en daarmee help Christus ook nog met die sigbare aanbidding van die nagmaal.

Asof dit nie genoeg genade is wat God aan ons swakke mense bewys nie, gee Hy ook nog die Heilige Gees aan ons om in ons te kom woon.

- Die Gees van God oortuig ons in hierdie geval dat ons een liggaam met Christus is.
- Deur ons sondes van ons af weg te neem, neem Christus die afstand tussen ons en Hom weg, want dit het ons van Hom geskei.
- Dan het ons so 'n eenheidsdeel aan Hom dat ons saam met Hom 'n maaltyd nuttig.
- Daarmee kan ons sien en beleef dat ons deel in al sy verlossingsweldade.

3. Die genooide gaste

Wie is die gaste? Kom ons vra die vraag baie ernstiger: Wie is daarop geregtig om aan die tafel te kom aansit wanneer Christus roep?

- Die antwoord is: Christus roep my en almal wat glo.
- Dis belangrik dat daar juis geskryf staan dat alle gelowiges sy dood moet vier.
- Die klem lê daarop dat dit gelowiges is.

Dit gaan hier glad nie oor volmaakte mense nie. Almal wat glo, moet nagmaal gebruik!

- As jy volmaak sou wees, het jy mos nie versterking van jou geloof nodig nie.
- As die nagmaal vir volmaakte mense bedoel was, sou dit heeltemal anders aangebied gewees het, maar Christus bied ons nagmaal juis so aan dat dit ons geloof moet versterk omdat ons onvolmaak is.
- Ons almal het die nagmaal nodig:
 - Christus nooi mense na die tafel toe wat swak is in hulle geloof –
 - mense wat weet van hulle swakhede,
 - maar mense wat bid vir genade.
 - Dit is mos wat 'n gelowige is:
 - Dis 'n mens wat verblind word deur die sonde, maar wat nie volhard in die sonde nie.
 - Hy stry in die Naam van die Here om sy sondes te oorwin.

Die sondige mense word gereinigdes gemaak deur Jesus Christus:

- Hulle ontvang vergewing van sondes.
- As gevolg daarvan kom woon die Heilige Gees in hulle.
- Hulle is die mense aan wie Jesus Christus deur die gebruik van die nagmaal hulle saligheid verseël.

Geliefdes, wanneer u weer voorberei om Jesus se dood te herdenk, wat gaan die nagmaal aan u doen?

- Gaan dit u geloof bevestig en versterk, dat u die nabyheid van God kan aanvoel?
- Die verlossing van sondes is nou reeds geldig, daarom bevestig die nagmaal aan u dat u die lewe het tot in ewigheid.
 - Ons moet egter steeds boetvaardig bid vir vergewing van sondes wat ons doen.
 - Ons moet ook elke oomblik smag na die genade van die Here.

As u dan al die beloftes van God glo, weet dan dat u 'n uitverkorene is, en dat al die beloftes van die nagmaal u deel is.

Wees dan versterk in u Gees, want God gaan elke keer as u nagmaal vier, deur die gebruik van die nagmaal weer u geloof versterk sodat u altyd blymoedig en verseker van die ewige lewe mag wees.

Kom ons lees Kategismus Sondag 28 saam waar hierdie hele preek in ons belydenis saamgevat staan.

Vraag 75: Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

Antwoord: Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloop (a), Ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.

(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20; 1 Kor 10:16, 17; 11:23-25; 12:13.

Vraag 76: Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antwoord: Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c); al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil se dat ons deur een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word (e).

(a) Joh 6:35, 40, 47, 48, 50, 51, 53, 54. (b) Joh 6:55, 56. (c) Ef 5:29, 30; 3:16; 1 Kor 6:15; 1 Joh 3:24; 4:13. (d) Kol 3:1; Hand 3:21; 1 Kor 11:26. (e) Joh 6:57; 15:1-6; Ef4:15, 16.

Vraag 77: Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?

Antwoord: By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui (a): “In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: ‘Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.’ Net so ook die beker ná die ete met die woorde: ‘Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.’ Want so dikwels as julle van hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom” (1 Kor 11:23-26). Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: “Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood” (1 Kor 10:16, 17).

(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:1, 2 (10:1, 2)

- | | | | |
|---|--|---|--|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid. |
|---|--|---|--|

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 29 September 2002
Hulpdienspredikant. Datum: 27 Oktober 2013